

Sondag 9 Julie

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:3-7

Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:3

Die trappe in die verrykingsproses van 'n opstandingsgeloof

Die kerk wat uit die oop graf van Jesus gebore is, se lewe het ook verander. "Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien." Saamgevat beteken dit dat God se kinders die verderf ontvlug en deel kry aan die Goddelike natuur. Die Heilige Gees is in hulle. Daarom beveel God ons om alles in die stryd te werp om ons geloof te verryk. Die ver-rykingsproses verloop in trappe:

- Geloof word verryk met deugszaamheid: jy begin om iets te beteken as Christen.
- Deugszaamheid gee kennis: dit is ervaringskennis van die lewe saam met God.
- Kennis bring selfbeheersing: jy weet hoe om God se krag in jou te gebruik.
- Selfbeheersing lei tot volharding: jy hou aan, want jy kan jou beheer.
- Volharding gee godsvrug: jy dra vrug omdat jy bewustelik in God se teenwoordigheid leef.
- Die godsvrug bring liefde onder mekaar: jy het jou medegelowiges regtig lief en gee vir hulle om.
- Uiteindelik lei dit na die boonste trap: liefde vir alle mense.

So lyk die kerk as opstandingsgemeenskap. Lyk jy so? Wil jy so lyk? Op watter trap staan jy? 'n Opstandingsgeloof steek nie op een trappie vas nie, maar is lewenslank besig om te klim.

Sing: Skrifberyming 8-1:2

Dagstukkies Almanak 2006